

# God dra ons



**Psalm 68:20: “Geloof sy die Here! Dag na dag dra Hy ons! God is ons hulp.”**

Dit is opvallend hoe dikwels dit in die Skrif beklemtoon word dat God sy kinders in liefde en deernis dra. Met verwysing na hulle verlossing uit Egipte sê Hy dat Hy hulle toe soos op arendsvlerke gedra en na Hom toe gebring het (Eks 19:4). Later beklemtoon Moses dieselfde saak as hy aan Israel sê: “Die ewige God is ‘n skuilplek, en sy arms is altyd onder jou” (Deut. 33:27). En in Psalm 68 word dit so sterk beklemtoon dat die Here ons *dag na dag dra*. Daar is nie ‘n enkele dag wanneer God sy kinders nie dra nie. Wat ons in ons lewens bereik het, kon alleen gebeur omdat God ons as swak en brose mense in sy genade gedra het en daartoe in staat gestel het.

In die lig hiervan is dit vir ons wat op een of ander wyse in beproewing verkeer so ‘n besondere troos dat die Here in Jesaja

46 (:3,4) aan ons sê dat Hy ons ook in ons ouderdom en in die tyd van die grysheid dra. Al het ons pyn, al loop ons met swak bene met behulp van ‘n loopraam, al is ons permanent bedlêend – ook dan dra die Here ons in sy liefde en genade.

God doen dit omdat Hy ons liefhet, maar in die besonder omdat Christus die straf vir ons sonde *gedra het* (Jes. 53:11) en ons met God versoen het. En omdat Christus die dood oorwin het, sal God ons op sy tyd ook dwarsdeur die dood dra om die ewige lewe in te gaan (Joh. 11:25; 1 Kor. 15:20). Daarom moet ons die Here loof en prys.



Publikasie  
Publication



Nr./No.: H19